Week 3: Pret met taal



Onthou:
drie-uur =
3 o'clock.

Pret met taal

A Spelling: Koppeltekens

- Waar 'n **letter** of 'n **syfer** met 'n naamwoord verbind word, kry dié woord 'n koppelteken, bv. **gr. 5-leerder**, **TV-stel**.
- Waar 'n **rigting** deel van die **pleknaam** is, word dié woord met 'n koppelteken gespel, bv. **Paarl-Noord**, **Wes-Afrika**.

B Verbeter die spelling van die volgende woorde.

Voorbeeld: DVD speler **Antwoord:** DVD-speler

1. Suid Afrika
2. Gr. 5 boek
3. Beaufort Wes
4. B span
5. Noord Kaap
6. Nege uur

C Vul die korrekte voornaamwoorde in.

Voorbeeld: Die seun dra _____ eie tas.
Antwoord: **sy**

Hier is die woorde waaruit jy moet kies:
hy sy my jou
joune ons sy

1. My ma sê _____ hou daarvan om trein te ry.
2. My pa sê _____ hou daarvan om te vlieg.
3. Ek pak _____ eie tas.
4. Jy moet _____ eie tas dra. Die tas is mos _____.
5. Hy wil _____ kaartjie vroeg bespreek.
6. Ons moet _____ kaartjies ook vroeg bespreek.

D Kies die korrekte woord tussen hakies.

Voorbeeld: Ek hou daarvan om na ver lande te (**reis**/**rys**).
Antwoord: reis

Party woorde klink amper dieselfde of 'n mens spel hulle amper dieselfde, maar hulle **betekenis** verskil baie!

1. Die mense in China eet graag (**reis**/**rys**).
2. Ons pak (**kleure**/**klere**) in as ons met vakansie gaan.
3. Die man dra 'n hemp met helder (**kleure**/**klere**).
4. Dit is heerlik om ver met 'n trein na vreemde plekke te (**reis**/**rys**).

E Kies die intensiewe vorm uit die blokkie wat die beste pas.

peperduur	propvol	doodmoeg
silwerskoon	spotgoedkoop	loodswaar
dolleeg	blitsvinnig	kliphard

1. Die vliegtuigkaartjies kos baie geld, dit is _____(**duur**).
2. Al die mense het uit die bus geklim. Die bus is _____ (**leeg**).
3. Baie mense is op pad werk toe. Die trein is _____ (**vol**).
4. Almal kan bekostig om op die Shosholoza-trein te ry.
   Die kaartjies is _____ (**goedkoop**).
5. Ná die lang reis is die passasiers _____ (**moeg**).
6. Die vliegtuig vlieg baie vinnig. Dit vlieg _____ (**vinnig**).
7. Die tasse is só vol gepak. Dit is _____ (**swaar**).
8. Die nuwe trein is nog baie skoon. Dit is _____ (**skoon**).
9. Die skip se sirene blaas _____ (**hard**) sodat almal kan hoor.

B. 1. _____ 2. _____

3. _____ 4. _____

5. _____ 6. _____

Week 3: Werksvelle

Pret met taal

Gee die korrekte vorm van die beskrywende woorde tussen hakies (byvoeglike naamwoorde).

Voorbeeld: In Amerika eet hulle (**Amerika**) hamburgers.

Antwoord: **Amerikaanse**

1. In Frankryk eet jy (**Frankryk**) brood.
2. In Egipte eet jy (**Egipte**) dadels.
3. In Griekeland eet jy (**Griekeland**) slaai.
4. In Indië eet jy (**Indië**) kerrie.
5. In China eet jy (**China**) rys.
6. In Engeland drink jy (**Engeland**) tee.

Indiese
Chinese
Engelse
Franse
Egiptiese
Griekse
Amerikaanse ✓

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____
6. _____

Woordspeletjie: Wat is in die tas?

Wat is in die tas?

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

A **Lees die poskaart en beantwoord die vrae.**

POSKAART

Liewe Nazli
Ek kuier heerlik. Die mense op ons toer is baie vriendelik. Ons het gister met die vliegtuig in Kaïro aangekom. Die piramides is baie groot.
Môre gaan ons op kamele in die woestyn ry! Ek kan nie meer wag nie!
Ek sien julle oor twee weke.
Groete
Ouma

Nazli Kara
Mostertstraat 16
Vredehoek
8001
Suid-Afrika

1. Waar kuier Ouma?
2. Toer sy alleen? Hoekom sê jy so?
3. Wat het sy op haar toer gesien wat baie groot is?
4. Wat gaan sy in die **woestyn** (*desert*) doen?
5. Wanneer kom sy huis toe?

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____

Skryf nou jou eie poskaart: Kyk na die voorbeelde hier bo.

POSKAART

A **Soek die woorde wat 'n koppelteken nodig het en vul dit in.** (Daar is ses woorde.)

Die dogters is in die A span. Hulle is almal gr. 5 leerders. Hulle gaan in die Oos Kaap toer. Hulle gaan na dorpe soos Oos Londen en Barkley Oos. Die netbalspelers hoop om die JN toernooi te wen.

B **Voltooi die sinne met die teenoorgesteldes (intensiewe vorme).**

1. Die vliegtuigkaartjies is nie **spotgoedkoop** nie, maar _____.
2. Die bus is nie meer **propvol** nie, maar _____ nadat die mense afgeklim het.
3. Die tas is nie **veerlig** nie, maar _____ .

C **Vul die korrekte voornaamwoord in.**

1. Jy moet _____ kaartjie wys as jy by die vliegtuig instap.
2. Kan ek _____ rugsak hier neersit, asseblief?
3. Kan ons _____ sitplekke hier bespreek?
4. Die tas is nie **myne** nie. Is dit _____ (**jou**)?

D **Verbind die volgende sinne met die woord tussen hakies (voegwoorde).**

1. Hy stap. Die fiets se wiel is pap. (**omdat**)
2. Sy staan by die toonbank. Sy koop 'n kaartjie. (**omdat**)
3. Die mense klim op die trein. Die trein gaan nou vertrek. (**omdat**)

E **Kies die regte woord (verwarrende woorde).**

1. My ouma hou daarvan om die wêreld te sien; sy (**rys/reis**) graag.
2. Ek het te min (**klere/kleure**) in my tas gepak vir die vakansie.
3. As ek koud kry, sit ek graag by 'n warm (**vier/vuur**).